

KENNISGEWING 142 VAN 2021**Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit
Kennisgewing van Toestemmingsgebruiksaansoek in terme van Klousule 16
van die Tshwane Dorps-Beplanning Skema, 2008 (Hersien 2014)**

Ek, Gerrit Hendrik De Graaff van Developlan Stads-en Streekbeplanners Ingelyf, synde die applikant van Gedeelte 48 ('n Gedeelte van Gedeelte 20) van die plaas Beynespoort 335, Registrasie Afdeling JR, Gauteng Provinsie gee hiermee kennis in terme van Klousule 16 van die Tshwane Dorps-Beplanning Skema, 2008 (Hersien 2014) en saamgelees met die bepalinge van die "Spatial Planning and Land Use Management Act, 2013 (Act 16 of 2013)" en Artikel 16(3) van die "City of Tshwane Land Use Management by-Law, 2016" dat ek aansoek gedoen het by die Stad van Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit vir 'n Toestemmingsgebruik vir 'n "Place of Child Care" op die bovermelde eiendom. Die eiendom is geleë ±4km direk wes van Refilwe, op die suid-westelike hoek van Performance Weg en 'n pad wat die M8/M10 verbind met die R573. Die huidige sonering van die eiendom is "Undetermined". Die intensie is om 'n "Place of Child Care" op die eiendom te bou waar die kinders van die plaaswerkers versorg word gedurende die dag.

Enige beswaar(e) en/of kommentaar(e), insluitend die gronde van sulke beswaar(e) en/of kommentaar(e) met volle kontak details, waarsonder die Munisipaliteit nie met die persoon of liggaam wat die beswaar(e) en/of kommentaar(e) ingedien het, kan kommunikeer nie, moet ingedien of skriftelik gerig word aan: Die Strategiese Uitvoerende Direkteur: Stadsbeplanning en Ontwikkeling, Posbus 3242, Pretoria, 0001 of aan CityP.Registration@tshwane.gov.za vanaf 3 Februarie tot 3 Maart 2021. Volledige besonderhede en planne (as daar is) kan gedurende gewone kantoorure by die Munisipale kantore hieronder uiteengesit bestudeer word, vir 'n periode van 28 dae vanaf die eerste datum van publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Gazette.

Skedule 23: Buitengewone maatreël in ooreenstemming met die Wet op Rampbestuur, 2002 vir die publieke deelname aan grondontwikkelings-aansoeke: "Indien enige belanghebbende of geaffekteerde party 'n afskrif van die grondontwikkelingsaansoek wil sien of bekom, kan 'n afskrif van die munisipaliteit aangevra word deur die volgende kontakbesonderhede te gebruik: newlanduseapplications@tshwane.gov.za. Daarbenewens kan die aansoeker, by die indiening van die aansoek, 'n afskrif elektronies aanstuur of die aansoek publiseer, saam met die bevestiging van die volledigheid deur die munisipaliteit, vergesel van die elektroniese eksemplaar of op hul webwerf, indien enige. Die aansoeker moet toesien dat die eksemplaar wat gepubliseer of aan enige belanghebbende en geaffekteerde party voorsien word, die eksemplaar is wat by die munisipaliteit ingedien is by newlanduseapplications@tshwane.gov.za. Vir doeleindes van die verkryging van 'n afskrif van die aansoek, moet kennis geneem word dat die belanghebbende en geaffekteerde party, die munisipaliteit en die aansoeker van 'n e-posadres of ander manier moet voorsien om die genoemde afskrif elektronies te verkry. Geen deel van die dokumente wat deur die Munisipaliteit of die aansoeker verskaf word, mag gekopieër, gereproduseer of in enige vorm gepubliseer of gebruik word op 'n manier wat op die intellektuele eiendomsreg van die aansoeker inbreuk maak nie. Indien enige belanghebbende of geaffekteerde party geen stappe doen om 'n afskrif van die aansoek vir grondontwikkeling te besigtig of te verkry nie, word die versuim deur 'n belanghebbende en geaffekteerde party om 'n afskrif van 'n aansoek te bekom, nie as gronde beskou om die verwerking en oorweging te verbied van die aansoek nie."

Adres van Munisipale kantore: LG004, Isivuno House, Lilian Ngoyi Straat 143, Pretoria.

Sluitingsdatum vir enige beswaar(e) en/of kommentaar(e): 3 Maart 2021.

Adres van applikant: Van Wouw Straat 54B, Groenkloof 0181; Bus 1516, Groenkloof, 0027; Tel No: 012-346 0283

Publikasiedatum van kennisgewing: 3 Februarie 2021. Verwysing: CPD/0813/48 (Item 32877).